kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Lukas 24:1-12 (1953)

[1] EN baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was.
[2] En hulle het die steen van die graf afgerol gevind.
[3] En toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie.
[4] En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne by hulle in blink klere.
[5] En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies?
[6] Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galiléa was:
[7] Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan.
[8] En hulle het sy woorde onthou.
[9] Hulle gaan toe terug van die graf en vertel dit alles aan die elf en aan al die ander.
[10] En dit was Maria Magdaléna en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus, en die ander vroue saam met hulle wat dit aan die apostels vertel het.
[11] En hul woorde het vir hulle na onsinnige praatjies gelyk, en hulle het hul nie geglo nie.
[12] Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop; en toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.

Tema: Berigte of Gerugte van ‘n verskyning

Broodjies vir die Pad

Joy and celebration are the mood of Easter. God’s initiative in bringing forth unexpected signs and wonders that transform our lives and liberate us from the powers of death and destruction shape the theology of Easter. Resurrection is both improbable and necessary to face the daunting threats of personal, communal, and – in the twenty-first century – planetary death. The call and response of God and the world is not suspended and reduced in divine unilateral activity on Easter; but there is the hope of a superabundance of divine possibility, energy, and power, a deeper power that resurrects the dead and transforms the living.

[...]

Resurrection is always personal even though it is universal in scope. In the garden, Jesus calls Mary’s name, and she is transformed. Resurrection happens when we hear God’s voice – the voice of new life – amid the deathfulness of our lives and the world. We may want to hold onto that voice, but as Jesus tells Mary, “let go of the way you used to know me; for, I am also a new creation. I am not bound by the past, but will bring new life in unexpected places, to cultures you cannot imagine, and in ways that will astound you.” If resurrection means anything – then and now – it means that we must be open to transformation and to the birth of unimaginable possibilities in our midst.

Luke’s gospel notes that the resurrection appears to be an “idle tale” and “unbelievable,” and it surely is to the rationalist mind, imprisoned by its own limited vision of reality. Supernaturalism and one-dimensional rationalism alike cannot understand the power of the resurrection. You can’t put your finger on it or control or localize it, but for those who open to a deeper, energetic naturalism, you can be transformed by it.

http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary

Brood vir die Pad

Jesus' deflecting Mary Magdalene's impulse to touch/embrace him represents the reality that, although fully human in Jesus, ultimately God escapes our grasp. It will be the absence of the earthly Jesus that will make possible the "glory" of the Risen Christ: "he is withdrawing into the dimension from which alone comes glory, that is the brilliance of more than presence, the radiance of what is in excess of the given, the available, the disposed." (p.17) Only after looking into the tomb, staring down death, confronting the abyss, is Mary Magdalene-- and by extension are we-- open to what Nancy calls a new "stance" toward death. "This 'stance' is literally anastasis or 'resurrection,' that is, the raising or upraising (insurrection' is also a possible meaning of the Greek term). Neither regeneration, reanimation, aplingenesis, rebirth, revivification, nor reincarnation: but the uprising, the raising or the lifting as a verticality perpendicular to the horizonality of the tomb-- not leaving it, not reducing it to nothingness but affirming in it the stance...." (p.18) The final insight from Nancy's essay for our consideration here is that the removal of the body of Jesus from the earthly plane of John's narrative turns the action over to those who still have bodies, beginning with Mary Magdalene. "A spirit can do nothing of the sort. A 'pure spirit' gives only a formal, empty index of presence entirely closed in on itself. A body opens this presence; it presents it; it puts presence outside of itself; it moves presence away from itself, and, by that very fact, it brings others along with it: Mary Magdalene thus becomes the true body of the departed." (p.48)

A few brilliant flashes of radiance that is "in excess of the given" illuminate the mundane of human existence (even including death)-- that is the method of the gospels. These rare but reorienting flashes do not belittle the mundane, just the opposite, they hint at a "glory" that puts all that is human, even death, in a new light. And they entrust this vital news to other human beings, in John's case to Mary Magdalene. Something more concrete/corporeal/overwhelming escapes our grasp. All we really have is one woman's claim: "I have seen the Lord." Is she telling a truth? And does this truth illuminate all the rest of life?

In the prologue to his essay, Jean-Luc Nancy establishes "There is no 'message' without there first being-- or, more subtly, without there also being in the message itself-- an address to a capacity or an aptitude for listening. It is not an exhortation (of the kind 'Pay attention ! Listen to me'). It is a warning: if you do not understand, do not look for the reason in an obscurity of the text but only within yourself, in the obscurity of your heart." (p.9)

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/03/easter-day-year-c.html

'n Brief aan Gerrit Brand op die Sondag van die Laaste Oordeel

deur Johann Rossouw

Beste Gerrit

Vergun my asseblief om met ’n verskoning te begin: Ek is jammer ek het jou nie op jou laaste aardse Saterdag geskakel om te groet nie, al het iets ’n paar keer die dag vir my gesê ek moet. Eintlik wou ek Lucia vra of ek maar ’n groetebrief aan haar kan stuur om vir jou voor te lees, want of jy nog oor die foon sou kon gesels het, was ek nie seker nie. Nou skryf ek maar die brief, vas in die geloof dat waar jy nou is, jy my brief moeiteloos sal kan lees.

’n Kwarteeu. Dis ’n kwarteeu sedert ons mekaar in die teologieklas by Tukkies as eerstejaars leer ken het. Skaars daar aangeland, het die Voëlvrytoer ook, in die Masker-teater. Onthou jy nog Bernoldus Niemand se verbysterende weergawe van die “Oosrand-blues”? Kerkorrel met sy Oom Paul-T-hemp wat sy klawerbord manies tokkel en aan ons die stem gegee het waarna ons gesoek het? Hoe ons daarna in ons fakulteit en op die breër kampus self bykans voëlvry verklaar is omdat ons vir die Voëlvryers ingetree het? Daarna Spes, die kortstondige organisasietjie wat ons gestig het om oor rassegrense heen uit te reik? En hoe ek julle in die steek gelaat het toe my geloof my tydelik verlaat het? Onthou jy nog Pretoria in daardie tyd van hergeboorte, toe ons met jeugdige naïwiteit gedink het ’n nuwe land breek aan? Hoe gelukkig was ons nie om die lewe ná skool onder PW te ontdek toe die stad uit haar lang apartheidslaap ontwaak het nie – Christoff Mans se voortreflike Exclusive Books in Sunnypark, die musiek in Esselenstraat, die koffie en gebak by die Grapevine. Pretoria se boheemse lente. Hoe gelukkig was ons om daar te wees, hoe min het ons geweet hoe kortstondig dit sou wees.

Ons is elkeen ons rigtings in. Jy saam met Lucia na Nederland, ek na die Franse. Dit klink vandag seker pretensieus, maar destyds was dié afskeid en vertrek noodsaaklik vir ons albei se latere terug- en uiteindelike tuiskoms. Jy het jou liefde vir Afrika beseël met jou proefskrif oor die gees en die geeste van Afrika-teologie. Jy het pa geword, julle het teruggekom. Jy het bly skryf, bly vra, verheug oor die nuwe bedeling, maar nooit oorgerus nie. Al was jy, seun van Simon en Ina Brand, afkomstig uit ’n huis van onkreukbare integriteit en intellektuele durf, as’t ware in die wieg gelê om tuis te kom in die nuwe bedeling, het juis jou aristokratiese noordelike Afrikaner-afkoms jou daarvan weerhou om te knus te wees. En al het jy en Lucia julle met klein Simon en Arend in die Suide gaan vestig, het jy binnelander gebly, ’n grensbewoner wat geweet het waar jy vandaan kom en met helder oë diegene oorkant die grens gesien en ontmoet het.

Daar was vele plekke waar ons die gesprek in, oor en buite Afrikaans aan die gang probeer hou het: Fragmente: Tydskrif vir filosofie en kultuurkritiek (1998–2004); die poslys van die Groep van 63; die lesingreeks van die KKNK in die eerste jare van die nuwe eeu; die Taalsekretariaat; die boekeblad van Die Burger; LitNet; Die Vrye Afrikaan (2004–2008); en hoeveel ander fora. Deur dit alles heen het jy jouself soos ’n Degenaar met kalmte, humor, skerpsinnigheid en sagmoedigheid gehandhaaf.

Dat juis jy met jou fyn verstand die gewas in jou brein moes kry, is ironies verby. Ek onthou toe ek jou die dag ná die eerste operasie om dit te verwyder in die hospitaal gesien het. Jy was swaar verbind en verdoof, maar jou humor was so droog en lig soos altyd. Later met wyn en brood in julle boekgevulde huis van vreugde het ons almal geglo die doodsengel het jou verbygegaan, tot die gewas weer gekom het. Jy, fyn denker, aristokraat van die gees, sou vanuit die brose menslike denkorgaan die lewe ná die dood begin tegemoet gaan. Dat jy, Godverlanger, in die hoop op die lewe ná die dood geleef het, het gespreek uit die kalmte waarmee jy jou volgens getuienis op die onvermydelike voorberei het.

My vriend, hoe wens ek ons kon vir laas met die brood en wyn by ’n tafel hier benede aansit om weer die lewe te vier. Hoe wens ek ons kon vir laas hier benede gedagtes soos geskenke ruil, die blydskap van weersiens en voortsetting van wat in 1988 begin het, beleef.

Maar dit kan nie. Ons sal moet wag tot ek eendag langs jou kom sit by die tafel van die Ewige Simposium. Tot dan sal ek doen wat ek kan vir die gesprek hier benede, altyd gedagtig aan jou.

God seën jou siel, my vriend en medegedagtemaker.

Tot weersiens.

Johann Roussouw, Bloemfontein, Die Sondag van die Laaste Oordeel, 10 Maart 2013

http://www.litnet.co.za/Article/n-brief-aan-gerrit-brand-op-die-sondag-van-die-laaste-oordeel